# CHARISMATA — GEESTESGAWES

**Prof. dr. J. C. Coetzee**

*'n Ontleding van Skrifgegewens as basis vir beoordeling van huidige „charismatiese" tendense. (Oorspronklik gelewer as 'n lesing by 'n evangelisasie-saamtrek in die Geref. Kerk, Pretoria-Sentraal).*

## Inleiding

(1) *My bedoeling:*

Daar word tans ontsaglik baie oor hierdie saak geskrywe en gepubliseer. Ek is nie in staat en wil ook nie probeer om ander mense se standpunte hieroor te bespreek of te beoordeel nie.

Ook wil ek nie 'n beoordeling van die toenemende „charismatiese" neigings en verskynsels van ons tyd gee nie. Daarin is ek nie genoegsaam ingewerk nie. Ek verwys hiervoor na die onlangs (by Pro Rege, Potchefstroom) verskene geskrif van dr. D. Kempff: *Geloofsgenesing en tongetaal getoets* (1974), en die literatuur deur hom aangedui. (Ek stem nie met alles in die boekie saam nie, maar beskou dit tog as 'n waardevolle bron van inligting oor ons probleem).

Al wat ek wil doen, is om die *Skrifgegewens* oor die „Geestesgawes" kortliks te ontleed om so 'n *basis* te probeer bied vir 'n beoordeling van die huidige „charismatiese" tendense. Ons neem daarvoor *1 Kor. 12—14 as basis* en vergelyk waar nodig ander Skrifgegewens.

(2) *'n Skema:*

1. Besondere charismata of geestesgawes — *is* daar so iets?
2. *Kán* daar nog so iets wees vandag?
3. *Mág* daar nog so iets verwag word in die kerk vandag?
4. *Móét* dit voorkom in elke kerk en elke gelowige?
5. *Watter plek* mag of moet dit inneem in die gemeentelike- en geloofslewe?
6. *Maatstawwe* vir „beproewing van die geeste".

## 1. Besondere charismata of geestesgawes — is daar so iets?

### 1.1. *Geweldige opbloei*

Hoe moet ons staan teenoor die geweldige oplewing van die belangstelling dwarsoor die wêreld in die sg. „charismatiese"; die besondere openbaringe van die werking van die Heilige Gees?

Die geweldige oplewing hiervan hoef ek nie te beredeneer nie; die vloedgolf literatuur oor geloofsgenesing (gebedsgenesing), tongetaal, duiwel uitdrywing spreek vir homself. So ook die skerp opbloei van die Pinksterbewegings, asook die ongekende belangstelling van jongmense veral in wat ons van hierdie dinge moet sê.

### 1.2. *Negatiewe reaksie as gevolg van uitwasse*

Nou is daar soveel uitwasse op hierdie gebied, soveel uitspattige

geesdrywery of aanmatigende optredes van „geloofsgenesers" wat meen dat hulle God mag „hiet en gebied", dat ons as calvinistiese gelowiges wat glo dat God die *soewereine, vrymagtige* God is en 'n God van *orde,* geneig is tot 'n radikale reaksie: dan trek ons 'n streep deur al hierdie dinge; dan skud ons net die kop daarvoor; dan argumenteer ons in evangelisasie-werk met pinkstergesindes (en in antwoord op die vrae van ons eie jongmense) asof al hierdie dinge bog is, oëverblindery, verbeelding, gevolg van emosionele onstabiliteit, die produkte van 'n „infantiele gees".

En dan skaar ons ons, hoewel ons die eer van God wil handhaaf, grootliks aan die sy van die ongelowige spotters, die heidense sielkundiges, wat hierdie dinge eenvoudig verwerp omdat hulle nie glo dat God, as Hy wel bestaan, sulke dinge kan doen in ons wetenskaplike eeu nie.

1.3. *Hoe spreek die Skrif hieroor?*

Die apostel Paulus beredeneer dit nie eers of daar sulke besondere werkinge van die Gees is nie! Hy neem die bestaan daarvan eenvoudig as 'n vanselfsprekende uitgangspunt: „Ek wat die geestelike gawes (ta pneumatika) betref, broeders, wil ek nie hê dat julle onkundig moet wees nie ... Daar is verskeidenheid van genadegawes (charismata), maar dit is dieselfde Gees" (1 Kor. 12 : 1, 4).

Hoe kon dit ook anders?

Het *Jesus* dan nie self, vol van die Heilige Gees, siekes gesond gemaak, duiwels uitgedryf, dooies opgewek nie? (Tussen hakies: Hy het blykbaar nooit in vreemde tale gepraat nie!).

En het Jesus self die gawes nie belowe aan sy dissipels nie? *Matt. 10 : 8:* „Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee".

*Mark. 16 : 17—18:* „En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word" (tekskrities minder sekere teks).

En so hét dit ook gerealiseer: (a) in tale *is* gespreek (Hand. 2 : 6—11); en dit nie net deur apostels nie, maar ook deur die gemeente (Hand. 10 : 44—46; Hand. 19 : 6); (b) siekes *is* genees (Hand. 3 : 6—7; 8 : 6—7; 9 : 33—34; 19 : 11—12; 20 : 7—12 — Eutichus); (c) dooies is opgewek (Hand. 9 : 36—41 — Tabita); (d) slangpik het niks gedoen nie (Hand. 28 : 1—10); (e) duiwels is uitgedryf (Hand. 8 : 7; 19 : 12).

So kan Paulus dan die charismata van die Heilige Gees soos volg opsom in 1 Kor. 12 : 9—10: „genadegawes van gesondmaking; ... werkinge van kragte, ... profesie, ... onderskeiding van geeste, ... allerhande tale, ... uitleg van tale".

*Praktiese gevolgtrekkinge:*

(1) Daarom moet ons vir onsself absolute geloofsduidelikheid kry dat ons hierin Bybelgetrou glo.

(2) En dán moet ons seker maak dat ons in ons ontmoeting met „Pinkstermense" en in die hantering van vrae van ons eie jongmense (of oueres) *nóóit* die indruk skep dat ons die Bybelse gegewens nie ernstig neem in die geloof nie!

## 2. Kán daar nog so iets wees vandag?

Hieroor, glo ek, kan ek baie kortliks handel, omdat u tog saamstem: *Natuurlik* kan daar nog so iets vandag wees! God se almag behoort tog nie tot die verlede nie. Wat God eenmaal kon doen (en dit is *alles)* kan Hy ook vandag doen. En ewemin het sy Gees verdwyn. *Ons* mag nie vir die Gees van ons kant paal en perk stel nie. Ons mag nie vir God en sy Gees voorskryf hoe Hy nou kan werk of nie kan werk nie. — Maar is die saak nou daarmee afgehandel? Nee ons sou ook nog kon vra: Maar —

## 3. Mag daar nog so iets verwag word in die kerk vandag?

3.1. Dit was en is naamlik *'n baie sterk tendens* in Gereformeerde kringe vanaf Calvyn se tyd om te sê: uiteraard *kan* die Gees wel nog só werk, maar *Hyself wou nie!* Calvyn het al in sy kommentaar o.a. op Hand. 19 : 1—7 die standpunt ingeneem dat spreek in tale daar as 'n wonder gesien moet word wat net tot die stigtingstyd van die kerk behoort het en as 'n buitengewone gawe nie bedoel was om te bly nie. Ook sy uitspraak oor Ef. 4 : 11 i.s. „profete"[1] is gewoonlik in ons kringe so verstaan dat hy die profete as gawe beperk sien net tot die stigtingstyd.

So merk dr. D. Kempff nog in sy onlangsverskene *Geloofsgenesing en Tongetaal getoets* op: „Onder die charismas wat Paulus noem, is daar apostels, profete, gesondmaking. Die apostelskap het verdwyn na die vestiging van die Christelike kerk — en daar is veel gewig in dié argument dat die besondere gawes juis aan die optrede van die apostels met die kerkplanting of -grondlegging verbind was. Dan sou ook die besondere gawes saam met die apostels kon verdwyn het... En waarom móét tongetaal bly as apostels, profete en gesondmaking verdwyn?" (bll. 84—85).

En in Die Kerkblad van 27-6-1973 skryf hy: „Natuurlik kan ons nie aan die Gees van God gaan voorskryf nie... *Dis egter 'n heeltemal ander saak as die Gees om bepaalde redes sekere gawes in spesifieke tye verleen, en Hom daarna self inbind en van iets weerhou.* Dan trek ons nie die grense vir Hom nie, maar Hyself bepaal sy gee en weerhou van gawes" (kursivering van D.K.; bl. 4).

3.2. *Hierdie argumente vind weinig steun in die Bybel!*

(1) Dis wel só dat ons duidelik kan toon dat openbaringe van geestesgawes besonder sterk is by die stigtings- en groot oorgangsmomente in die vestiging van die kerk van Christus onder

---

1 Institusie IV, 3, 4.

die nasies. Om hierop egter 'n argument te bou dat die gawes dus net tydelik was omdat die stigtingsituasie verdwyn het, hou nie rekening met die *blywende* aanwesigheid van *stigtingsituasies* in sending — en evangelisasiesituasies nie!

(2) Dat die gawes van die Gees moes verdwyn saam met die apostels is geen argument nie: die Skrif self leer ons duidelik dat die apostelamp eenmalig was (as die amp van die ooggetuie-ambassadeurs en fondamentlegging van die kerk). Dieselfde word nie geleer van die charismata nie (vergelyk daarenteen o.a. Luk. 10 : 9, 17, en die geheel van 1 Kor. 12—14). Dis tog duidelik: die charismata was tog nie beperk tot die apostels nie!

3.3. *Wat moet dus ons Bybelse standpunt wees?*

Duidelik dít wat die Bybel ons beveel tog! En daarom moet ons so goed luister na *dié deel van Gods Woord wat uitdruklik en uitvoerig handel juis oor die regte benadering tot en hantering van die saak van geestesgawes* — nl. *1 Kor. 12—14.*

*1 Kor. 14 : 39:* Hierdie vers is absoluut kardinaal. Immers hier vat Paulus, nadat hy uitvoerig gehandel het oor baie aspekte van die regte siening van die geestesgawes, finaal die hoofsaak saam:

*„Daarom, broeders, beywer julle om te profeteer en moenie verhinder dat daar in tale gespreek word nie."*

Wat het ons hier? 'n *Duidelike* voorskrif vir die kerk:

(1) Twee gawes (let wel: *albei* is charismata, besondere gawes van die Gees) word langs mekaar gestel. Vir die kerk word dan gesê:

(2) Die een, om te profeteer, moet met groot ywer nagejaag word. Die ontvangs van hierdie *charisma* is iets wat elke gelowige met groot erns moet begeer en moet *soek.*

(3) Die ander, om in tale te mag spreek, daarvan gee die Skrif nou slegs 'n negatiewe bevel: „moenie verhinder dat in tale gespreek word nie". Ek het gesê: *„slegs* moenie verhinder" — om die *mindere* belang van hierdie gawe teenoor die gawe van profesie uit te druk. Maar dan geld tog ook dat ons hier wel *pertinent* deur die Skrif verbied word om die Gees te smoor as Hy hierdie gawe wil laat werk in sy kerk!

(4) Maar geld hierdie opdrag ook nog vir ons vandag? Dit spyt my dat ek hierin duidelik moet distansieer van die standpunt van dr. Kempff hieroor op bll. 85—86 van sy genoemde boek. Hy hanteer na my oortuiging 1 Kor. 14 : 39 eksegeties nie korrek nie, wanneer hy beweer die tydsvorm van die werkwoord „sê alleen net": dat spreek in tale „tóé dáár het wel reg van bestaan en hoef nie teengegaan te word nie. Die afleiding dat Paulus hier beveel om *vir alle tye* nie tongetaal te verhinder nie, kan nie uit die Griekse taal afgelei word nie". Dan, sê dr. Kempff, moes 'n ander tydsvorm nl. 'n Aoristus Imperatief gebruik gewees het. Volgens erkende Griekse Grammatika's het Paulus met die keuse van sy werkwoorde se vorm juis wou sê: „soek *voortdurend* om te kan profeteer", en gee hy daarby

'n algemeen-geldende verbod: „moenie voortgaan om te verbied dat in tale gespreek word nie".

Ons moet dus *volle erns maak* met én die gebod én die verbod van 1 Kor. 14 : 39 :

3.4. *Dit wil sê: die charisma van profesie moet deur elke gelowige vurig begeer en gesoek word.*

Wat is profesie?
Primêr: dit wat in 1 Kor. 14 : 3 daarvan gesê word.

Die profete in die Bybel was nooit blote toekomsvoorseggers nie. 'n Profeet is iemand wat die gawe het om die hand en wil en doel van God in die bestaan en die geskiedenis van sy volk raak te sien en suiwer te verkondig — hetsy of dit die verlede, die hede of die toekoms raak — natuurlik onder verligting van die Heilige Gees. Daarom sê Paulus ook: die profeet spreek tot die gemeente (die volk van God) woorde van „stigting en troos en bemoediging" — *hy bou* die gemeente op met sy insig in God se Woord, hy troos en bemoedig hulle deur die Godsregering oor hulle en oor hulle toekoms aan hulle bloot te lê.

Daarom is hierdie gawe só belangrik, moet dit vurig gesoek word (1 Kor. 14 : 1, 3, 4, 5, 12, 18—19, 24). Vergelyk ook 1 Thess. 5 : 19—21: „blus die Gees nie uit nie, verag die profesieë nie".
3.5. *En tongetaal: moet dit hoogstens geduld word?* Dit is duidelik van mindere orde en betekenis. En tog nie 'n blote: „hoef nie teengegaan te word nie" (Kempff, a.w., 86); en ook nie 'n blote: „laat dit maar . . . toe" nie (idem). Ons het hier 'n sterk negatiewe bevel: dit mág nie langer verhinder word nie! En meer: Paulus sê tog ook heelwat *positiefs* daaroor. Vergelyk 1 Kor. 14 : 2, *5*, 15, *18*.

3.6. *Maar wat is nou die s i n van die tale spreek?*

Dis belangrik om te onthou: die sin daarvan is *nie* om nuwe openbaringe van God te bied nie, want God het sy woord volmaak *geopenbaar* in Jesus Christus en laat verkondig deur die apostels en die profete! *Wel* is dit 'n teken (sēmeion) — d.i. 'n Godgegewe sigbare voorbeeld van die werking van die Gees in die kerk (1 Kor. 14 : 22).

Maar dan, let wel, 'n teken „nie vir die gelowiges nie", want hulle glo en ervaar op veel wonderliker maniere (bv. hulle kán glo, kán liefhê, kan die vrugte van die Gees dra) dat hulle die Gees ontvang het. Dit is 'n teken *„vir die ongelowiges"* — 'n manifestasie van die Gees om hulle die werking van God in sy kerk te laat sien. Maar daarom is *„orde"* hierby ook so belangrik! (1 Kor. 14 : 23).

3.6. *Weer 'n sterker vloei van charismata in laaste dae, wanneer Satan se laaste magsopenbaring weer opvlam?*

Die tyd van Jesus en die kerkbegin was ook 'n tyd van groot *duiwelse* magsontplooiing. Toe het charismata hóóg gevlam, waarin die Here sý heerskappy en die krag van sý Gees ook oor Satan helder laat skitter het. Maar die Skrif leer ons in die laaste dae sal Satan en die Antichris die wêreld verbyster met groot tekens en wonders

(2 Thess. 2 : 9—10; Openb. 13 : 11—14). Sal die Gees se gawes nie dan ook wéér al sterker opvlam nie?

Lees Openb. 11 : 3—6; 22 : 11.

Maar nou:

## 4. Móét die charismata voorkom in elke kerk en in elke gelowige?

Voorafgaande was waarskuwings teen eensydighede wat miskien meer aan „ons" kant voorkom. Die volgende moet veral gesê word teenoor wanvoorstellinge en misbruike wat dikwels by die Pinkstergroepe voorkom:

4.1. Gans teveel word *sekere* charismata verhef tot dié merktekens van ware kerk wees, en tot voorvereistes wat 'n mens eers moes ondervind, selfs „besit" voor jy 'n volwaardige Christen sou wees. Jy moes nou juis al:

— 'n „spesiale doop" met die Gees gehad het;
— in tale gespreek het;
— en desnoods 'n geloofsgenesing bewerk het (hoewel dit versigtiger gesê word, want dis nogal moeiliker!).

En kerke waar hierdie dinge nie (gereeld) voorkom nie, sterf glo aan Gees-loosheid!

4.2. Só 'n standpunt vergeet dat die Skrif juis ten opsigte van hierdie soort charismata *duidelik differensieer:*

1 Kor. 12 : 4: „Daar is wel 'n verskeidenheid van charismata . . ."

1 Kor. 12 : 7: „Maar aan elkeen word die openbaring van die Gees gegee met die oog op wat nuttig is . . ."

1 Kor. 12 : 11: „Al hierdie dinge werk een en dieselfde Gees wat aan elkeen afsonderlik uitdeel *soos Hy wil".*

1 Kor. 12 : 29—30: „Almal is tog nie apostels nie, almal is tog nie profete nie . . . Het almal genadegawes van gesondmaking, spreek almal in tale . . . ?"

— En oor hierdie verskeidenheid waarsku die hele hfst. 12 : 12—37 om nie teen mekaar te spog oor die gawes wat jý het en 'n ander nie het nie!

4.3. Tewens so 'n standpunt is blykbaar onkundig oor die Skriftuurlike gebruik van die woord „charisma". „Charisma" *kán* ook wel hierdie besondere gawes van die Gees aandui, maar *meestal* dui dit in die Nuwe Testament *nie* hierop nie.

Ja, inderdaad is die eerste, grootste en onmisbare charisma wat die Skrif ken die genadegawe van vryspraak uit die dood tot die lewe om Jesus wil — vgl. Rom. 5 : 15 en 6 : 23 en 2 Kor. 1 : 11. *Tweedens* dui dit die besondere toerusting met en deur die Heilige Gees vir die ampsbediening aan — vgl. 1 Tim. 4 : 4 en 2 Tim. 1 : 6. *Derdens* kan dit dan ook besondere gawes van die Gees in die gemeente aandui waardeur die gemeente gedien en gebou moet word.

4.4. Daarom begin Paulus ook sy hele uiteensetting oor „wat die geestesgawes betref" met die kernuitspraak van 1 Kor. 12 : 3. Wat is die eerste en beslissende bewys van die aanwesigheid van die

Gees van God in 'n kerk en in die indiwidu? Nie of hy die charisma van gesondmaking, talespreek, of wat ook al, het nie, maar: „Daarom maak ek julle bekend dat niemand wat deur die Gees van God spreek, Jesus 'n vervloeking noem nie, en niemand kan sê: „Jesus is die Here nie, behalwe deur die Heilige Gees".

## 5. Watter plek mág en moet dit inneem in gemeentelike en geloofslewe?

5.1. *Charisma en amp nie teen mekaar af te speel nie.*
— Ampte, *diakoniai,* is inderdaad óók, en wesenlik, charismata (2 Kor. 12 : 28, Ef. 4 : 11). Daarom moet enige standpunt of neiging om die ampte te devalueer ten gunste van ander geestesgawes, as Skrifstrydig afgewys word.
— Charisma is nodig vir die ampsbediening (1 Tim. 4 : 16; 2 Tim. 1 : 6). Alte dikwels ondermyn *ons* as kerke die gesag van die ampte, omdat ons vergeet of in *praktyk* verloën dat die ampte (diakoniai) werkinge van die Gees in die gemeente is, en dat daarom niemand in die amp mag staan wat die charisma vir die besondere amp nie het nie! Dan is enigeen „geskik" vir die amp wat nie onder die tug is nie! Moet daar nie veel meer werksdifferensiasie in die ouderlingamp kom volgens *die gawes* nie: dat die een wat die gawe van „regering" (1 Kor. 12 : 8) ontvang het ook veral op daardie terrein arbei, terwyl die ouderling met die gawe van profesie meer op die huisbesoek hom toespits nie?
— Ook die ander charismata staan onder toesig van die ampte! Dit is immers die hele opset van 1 Kor. 12—14! Die charismata mag nie lei tot chaos nie (vgl. 5.2. hieronder), maar daar moet toegesien word dat alles in die gemeente só geskied dat dit dien tot „stigting" (vgl. 5.3. hieronder).

5.2. *Die eis van orde.* 1 Kor. 14 : 23, 26—33. Vers 23 waarsku al dat talesprekery maklik kan ontaard in wat vir die buitestanders na kranksinnigheid kan lyk. Daarom is nou een van die voorvereistes vir die funksionering van die gawes *orde,* sodat God, wat „nie 'n God van wanorde" (vs. 33) is nie, nie onteer word nie.
— Die ordelose deurmekaar-gebrabbel van mense, soos so baie voorkom by sektariese rigtinge, voldoen nie aan die Skriftuurlike toetsteen dat dit die Gees van God is wat werk nie, nl.: „die geeste van die profete is aan die profete onderworpe" (vs. 32). Dit is dan ook alleen hierdie feit wat dit moontlik maak om te voldoen aan die Skrifeis dat „twee of hoogstens drie, en by beurte" by geleentheid sal spreek (vs. 27). Ja, ook eis die Skrif dat die talespreker sal en móét swyg as daar nie 'n uitleêr is nie (vs. 28).

5.3. *Die doel van die charismata: opbou van die gemeente.* 1 Kor. 14 : 3—20, veral 4, 5, 12. Waar hierdie verse in die Afrikaans praat van „stigting" is dit steeds in die sin van „opbou", groei en bloei in die geloof. Die Heilige Gees wil die gelowige en die gemeente opbou. En daarom is ook die *doel* van sy gawes bo alles die opbou van die gemeente. Daarom staan liefde en profesie sover bo talespreek (en gesondmaking)!

5.4. *Die regte prioriteite.* Miskien die opvallendste kenmerk van die pinksterbeweging se hantering van die saak van die charismata, is hulle gebrek aan balans, hulle nalating om die Skriftuurlike prioriteite te behou.

Kom ons som die prioriteite, soos dit nou al grootliks aan die orde gekom het, kortliks op:

(1) Die grondliggende, primêre en daarom radikale onmisbare en beslissende charisma is juis die algemene gawe wat die Gees werk in die hart van elke uitverkore kind van God: die vrysprekende genade in Christus Jesus (Rom. 5 : 15; 6 : 23; 2 Kor. 1 : 11).

(2) Die hoogste en uitnemendste werking van die Gees waardeur en waarin Hy die gemeente wil opbou is die *liefde!* Daarom staan 1 Kor. 13 so sentraal binne-in Paulus se verhandeling oor die charismata (2 Kor. 12—14). Aan 'n gemeente waarin daar twiste, hooghartige stryd oor wie die meeste gawes besit, gewoed het, waar wanorde ontstaan het in 'n onbeheerste verheffing van *sekere* gawes tot dié bewyse van Geestesbesit, kom Paulus, en nadat hy in hfst. 12 aangetoon het dat die Gees gawes gee soos en wanneer Hý wil, sê hy in 12 : 31: „maar ek wys julle 'n nog uitnemender weg"! Ek sal julle nou dié hoogste merkteken en vrug van die Gees se werking toon, die gawe waarin *elke* gelowige, wil hy waarlik „groot word" in die geloof, moet *groei:* die liefde! Daarsonder is elke moontlike charisma niks nie! (1 Kor. 13 : 1—3).

(3) Na die liefde, is die rykste gawe die profesie: dit stel 1 Kor. 14 by herhaling (vss. 1, 3, 5, 18—19, 22, 39). So móét dit wees, want hierdie gawe, om aan die gemeente, in al sy lewensomstandighede, die koningshand van hulle Here te laat raaksien, dien tot opbou, troos en bemoediging van die hele gemeente (1 Kor. 14 : 3 e.a.).

(4) Eers *daarna* (vgl. 1 Kor. 12 : 28 en weer 29—30) kom die charismata van gesondmaking, tale, uitleg van tale (vgl. nog weer 1 Kor. 14 : 4—6; 18—20 en 39). Terloops: die Skrif spreek tog nooit van *geloofs*genesing nie. Dit is en bly *Gods*genesing as verhoring, vrymagtiglik, op gebede. Maar die feit staan ook vas dat die Skrif leer dat die Gees ook wel aan gelowiges soos Hý wil, 'n besondere charisma tot genesing skenk.

## 6. Maatstawwe vir „beproewing van die geeste"

Die Skrif beveel ons: „Glo nie elke gees nie, maar stel die geeste op die proef of hulle uit God is" (1 Joh. 4 : 1). Watter maatstawwe moet ons dan aanlê vir beproewing van die geeste op hierdie gebied? Sekerlik geld hier ook toetse soos reeds hierbo aan die orde was, nl. die opbou van die gemeente — word dit gedien?; en: die orde in die gemeente — word dit gehandhaaf tot eer van God? Maar die Skrif gee self ook nog dieperliggende, allesbeslissende maatstawwe:

6.1. *Die eenheid van Christus (Woord) en Gees.* Onmiddellik wan-

neer Paulus begin om oor geestesgawes te praat, sodat ons nie „onkundig moet wees nie" (1 Kor. 12 : 1), stel hy voorop (1 Kor. 12 : 3) dat die eerste werking van die Gees die *ware en suiwere belydenis* is, soos saamgevat in die kernbelydenis: „Jesus is Here" (kurios). Die koningskap van Christus en die soewereiniteit van sy Woord staan voorop waar die Gees kragtig werk (vgl. o.a. Joh. 14 : 17; 15 : 26; 16 : 13). Daarom is dit ook die eerste toets: dien die werkinge van die charismata die suiwere Woordbediening en die soewereiniteit van die Woordbediening en die soewereiniteit van die Woord? Maar dié toets sny ook na „ons" kant toe: buig *ons* in hierdie sake onvoorwaardelik voor die getuienis van die Woord?

6.2. Sodra as wat Paulus nou 'n aanvang neem om in te gaan op die geestesgawes spreek hy in 1 Kor. 12 : 4—6 op 'n besondere wyse hieroor: hy toon nl. die verskeidenheid én eenheid tussen die gawes aan. Daar is 'n verskeidenheid gawes maar net *Een* wat hulle skenk — en hierdie Een is die Drie-enige God, hier aangedui as pneuma, kurios en theos (Gees, Here en God).

Die *charismata* (genadegawes) van die *Gees* in die gemeente is tegelykertyd ook die *diakoniai* (bedieninge) van die Here *Christus* aan die gemeente; asook die *energêmata* (werkinge) van *God die Vader* onder die gemeente!

— Alte dikwels word die Gees sodanig verabsoluteer in die uitwasse van tongetaal-aanhang en geloofsgenesinge dat dit neerkom op 'n pneuma-monisme.

6.3. *Is dit die Gees van liefde wat aan die werk is?* Alte dikwels ontaard die charismata-belewinge van sovele groepe in geestelike wedywering, hooghartigheid en veroordeling van andere wat nie soveel nadruk lê op die geestesgawes nie. Aan hulle moet ons met groot krag en klem die ondubbelsinnige getuienis van 1 Kor. 12 : 31—13 : 13 verkondig. Die Gees van God is die Gees van die liefde (vgl. ook o.a. 2 Tim. 1 : 7; 1 Joh. 4 : 11—13).

Die liefde — dit is tegelyk gawe en merkteken nommer een van die werking van die Gees! Maar dit sny ook wéér na ons kant in gelyke mate: bejeen ons die pinkstergroepe altyd met die nodige liefde? Is ons evangelisasiewerk op dié vlak nie alte veel gerig op argumentasie, en op die wen van 'n argument nie, en te min op die wen van mense deur die liefde?

6.4. *Is daar die vrug van die Gees?* Die saak van die liefde bring ons uiteindelik by die finale maatstaf: die Gees werk nie slegs by wyse van besondere openbaringe van sy aanwesigheid nie, maar primêr in die wedergeboorte en herskepping van mense na die beeld van God.

Daarom is die *vrug* van die Heilige Gees in die lewe van die indiwidu en van die gemeente *dié* bewys van sy aanwesigheid! „Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing" (Gal. 5 : 22).

Uiteindelik sal van ons nie gevra word: watter besondere genadegawes van die Gees het jy almal ontvang nie, maar wel: het die vrug van Gees in jou lewe tevoorskyn gekom?!